GGA012/2012 EN GGN02/2012: KRUINSIG KOMMANDO
24-26 FEBRUARIE 2012

SAAMBRINGLYSIE & KURSUSTYE

GRAAD 1 : TUINIER (a)

Kursustyd:
Registrasie: Saterdag 25 Februarie 2012 om 7:15 tot 8:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief volgende saam:
Ou klere, sonhoed, sonbrandroom, verfkwas, klein gietertjie, nael borseltjie en ’n boontjie in nat watte (minstens 1 – 2 weke voor die tyd)

GRAAD 2 : OU KAAP (b)

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag, 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief volgende saam:
Kleurpotlode, gom (Pritt), ’n skêr, skoendoos met 'n deksel, een stuk harde karton – 50cm by 50cm, 1 lengte (1 meter lank) 8mm houtstok ('dowel'), een stuk ongebleikte linne – 50cm by 50cm
Bordesak

GRAAD 3: DIE KOK (a)

Kursustyd:
Registrasie: Saterdag 25 Februarie 2012 om 7:15 tot 8:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief volgende saam:
Voorskoot, bordesak, tafelversierings, klein handdoekie

GRAAD 4 : NOODHULP (b)

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag, 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief die volgende saam:
Per persoon:

- 1 Driehoekverband
- 2 rekverbande – 75 mm breed (“crepe bandage”)
- 4 pleisters
- 1 tou – ongeveer 1 meter lank, so dik soos ’n kind se pinkie

- waterbottel
- Bordesak

Per ingeskrewe span:
- 6 spalke (“splints”) – soos bv. tamatiekasplankies
- 6 klein handdoekies (waslap of gesig handdoek)

GRAAD 5 : BOERESPORT (b)

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag, 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief die volgende saam:
Hoed, sonbrandroom, bordesak en waterbottel

GRAAD 6 : SENIOR PARAATHEID (b)

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag, 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief die volgende saam:
Gassilinder, fluitjie, flits, A3 karton, skêr, gom, kleur potlode, bordesak.

Elke Voortrekker MOET ook inligting bring om ‘n plakkaat maak met prente en berigte (uitknipsels) wat betrekking het op ten minste vier van die volgende onderwerpe:
1. Aardbewing
2. Bomaanval
3. Ontvoering
4. Kaping
5. Skietaanval
6. Verkeerde maats

Die plakkaat gaan gedurende kursustyd gemaak word.

GRAAD 7 : AFRIKANERKIND (c)

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag, 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00
Afsluiting: Sondag 26 Februarie 2012 om 11:00

Bring asseblief die volgende saam:

Skryfgoed, papier, skêr, gom en A4 projekboek ("flipfile) " of A4 portefeulje (met twee gaatjies) waarin werk verpak kan word, en bordesak.

Vereiste 7: Bring inligting rondom 'n skrywer of digter of kunstenaar of akteur saam. Die kind moet iets van die persoon vertel, vasstel wat hy vir die Afrikanervolk beteken het, kennis dra van minstens drie van sy werke en

beskryf waarom hierdie persoon sy keuse was. Dit gaan in twee A4 bladsy saamgevat word

Vereiste 2: Historiese gebeurtenisse: bring bronne en inligting saam – gaan in kursustyd daaraan werk en chronologies rangskik (een A4 bladsy)

Vereiste 4: Monumente: bring foto's wat bewys dat hulle 'n monument/e besoek het, asook inligting van twee monumente saam – gaan in kursustyd die simboliek beskryf (een A4 bladsy)

Vereiste 6: Liedere: Bring twee volksliedjies en twee vaderlandsliedere op skrif saam

word in die projekboek saamgebrind, met 'n inhoudsopgawe vooraan en met 'n bibliografie aan die einde. Die projek sal in kursustyd gedoen word. Die projekboek sal dan ge-evalueer word.

VERKENNERS – KUNS

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Bring asseblief die volgende saam:

- Skryfbehoeftes, gom, kleurpenne, ens om sierplakkaat mee te maak
- Notaboekie en pen
- Knipmes
- Kort taak (+/- 3 bladsye) oor ‘n bekende of plaaslike kunstenaar, sy werke en lewensgeskiedenis, sowel as die stylrigting waardeur sy werke gekenmerk word.
- 1 eie kunswerk (enige vorm van kuns wat die Verkenner self gemaak het, hetsy 2 of 3-dimensioneel)

Die werkstuk moet saam gebring word na die kentendag om die sertifikaat aan die einde van die dag te ontvang.

VERKENNERS – BURGERSKAP

Kursustyd:
Registrasie: Vrydag 24 Februarie 2012 om 17:30 tot 18:00.
Afsluiting: Saterdag 25 Februarie 2012 om 16:00

Vooraf taak vir die Burgerskap kenteken:

1. Maak ‘n plakaat wat die regeringsamestelling van Suid Afrika skematies voorstel en verduidelik. Bring dit saam om te bespreek.

2. Maak ‘n lys van 10 noodsaaklike dienste wat jy van die staat verwag. Bring saam om te bespreek.